**Maandag 22 Augustus**

**Skrifgedeelte: Psalm 2:1-12 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Psalm 2:1**

## Christus is Koning

Die wêreld is deurmekaar. Oorloë, terrorisme, sabotasie, onrus, korrupsie, aardbewings, ensovoorts, is aan die orde van die dag. Volke rumoer en owerhede neem besluite teen die wil van God in. Saam word teen die Gesalfde van God opgestaan (vs 2).

Die Gesalfde is die Ou Testament se Messias. Hy is Christus, die Gesalfde van die Nuwe Testament in Wie Psalm 2 vervul word. In Handelinge 4:23-28 word Psalm 2:1 en 2 aangehaal. Petrus en Johannes bid saam met die gelowiges en sê: "En U het deur die Heilige Gees by monde van ons voorvader Dawid, u dienaar, gesê …" (vs 25, 1983-vertaling). Die konings van die wêreld kom in opstand en span teen die Here en sy Gesalfde, Christus, saam.

Ons beleef dit vandag in al groter mate dat mense God uitdaag en uittart. Soms voel dit asof die kerk, die Christendom, besig is om tot niet te gaan. Die ongelowige wêreld se revolusie teen die Here se Gesalfde, Jesus Christus, gaan van kwaad tot erger. Die ongelowiges en heidene besef nie dat Christus die Koning van die konings is nie. Hulle leef met die valse gerusstelling dat aardse regerings in beheer is.

Wat 'n ontnugtering! Hy wat in die hemel woon, "lag en spot dat hulle so vrugteloos woel, en magteloos, verniet hul krag verteer". Onthou, Hy Self het Jesus Christus tot ons Koning gesalf en aan Hom alle mag in die hemel en op aarde gegee. Dit is nie Amerika, Rusland, China, Japan of watter land ook al wat in beheer is nie. Nee, Christus regeer. Hy is Koning. Hy is die Heerser/Owerste oor die konings van die aarde. Hy kom weer met die wolke, en op daardie dag sal almal Hom sien en as Koning erken. Vir die ongelowiges sal dit dan te laat wees.

As u na die chaos in die wêreld kyk, moet u nie moed verloor nie. Jesus Christus is die ewige Koning. Hy regeer en is altyd in beheer – ook van u lewe.

*Sing: Psalm 2:1, 2*

*Ds. W (Willem) Vogel (Cachet)*